GODSDIENSONDERRIG BELEID

1. ALGEMENE BEGINSELS:

1.1 Die sillabus van die Onderwysdepartement sal gevolg word tydens Godsdiensonderrig.

1.2 Satanisme word nie erken as ‘n geloof nie en sal nie op die terrein toegelaat word nie.

2. GODSDIENSONDERRIG:

2.1 Onderrig moet geskied in aansluiting met Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe.

2.2 ‘n Gasspreker mag uitgenooi word om leerders toe te spreek oor verskillende godsdienstradisies, mits dit objektief is.

2.3 Verskillende godsdienstradisies moet ingewerk word as deel van die Sekulêre program van onderrig. Dit moet objektief en neutraal aangebied word. Die doel is om leerders bekend te stel met die verskillende godsdienstige tradisies en nie om hulle te indoktrineer nie.

2.4 Die skool se benadering tot godsdiens moet akademies van aard wees en nie veroordelend, soos gestipuleer in die uitkomste van Lewensvaardighede en die hersiene nasionale kurikulum verklaring van Grade R – 9.

3. GODSDIENSTIGE WAARNEMINGS IN PUBLIEKE SKOLE:

3.1 Kennis moet geneem word dat alle publieke skole sekulêr is.

3.2 Saalbyeenkomste moet verkieslik gebruik word as Forums vir die viering van godsdienstige en kulturele diversiteit soos bepaal in die Konstitusie.

3.3 Godsdienstige materiaal wat gebruik word by saalbyeenkomste moet gebruik word as ‘n opvoedkundige oefening eerder as ‘n godsdienstige seremonie.

3.4 Die skoolsaal kan gebruik word deur private godsdiensgroepe mits dit goedgekeur is deur die Skoolbeheerliggaam en voldoen aan die vereistes soos verat in afdeling 20 van die S.A. skolewet van 1996 (Artikel 84 of 1996).

4. BYWONING VAN GODSDIENSTIGE VAKANSIES EN FEESTE:

4.1 Onderwysers en administratiewe personeel wat ‘n godsdienstige fees of vakansie wil bywoon, moet die standaard verlofvorm voltooi en aandui dat spesiale verlof vir godsdienstige bywoning gevra word.

4.2 Onderwysers en administratiewe personeel wat aansoek wil doen vir spesiale verlof vir die volgende jaar om godsdienstige byeenkomste by te woon, moet reeds aansoek doen die vorige jaar en dit vir goedkeuring stuur aan die Senior Distriksbestuurder.

4.3 Bywoning deur leerders:

4.3.1 Leerders moet toegelaat word om deel te neem aan godsdienstige byeenkomste.

4.3.2 Reëlings moet getref word vir leerders wat sodanige byeenkomste bywoon om agterstallige werk in te haal.

4.3.3 Ouers moet vooraf die skoolhoof skriftelik in kennis stel indien leerders afwesig gaan wees om godsdienstige feeste by te woon. Hierdie aansoeke moet geliasseer word vir verwysingsdoeleindes.

4.4 Sluiting van skool:

4.4.1 Vervroegde sluiting van die skool om ‘n godsdienstige byeenkoms by te woon, sal toegelaat word indien die Senior Distriksbestuurder dit goedgekeur het.

4.4.2 Wanneer groot getalle leerders afwesig sal wees om ‘n sekere godsdienstige byeenkoms by te woon, mag die skool dit oorweeg om dié dag te sluit. Goedkeuring van die department moet vroegtydig verkry word. Aansoek vir die sluiting van die skool moet in oorleg met die ouers gedoen word. As daar nie konsensus bereik kan word nie, moet ouers dan idividueel aansoek doen om leerders die spesifieke dag te onttrek.

4.4.3 Goedkeuring vir die sluiting van die skool sal alleen op voorwaarde geskied, naamlik dat dit nie die vasgestelde skooldae sal verminder nie. Die skool sal dan voorsiening moet maak om die verlore skooldag/dae in te haal. Dit moet ook in die aansoek ingesluit word.

5. DEELNAME VAN LEERDERS AAN DIE GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE:

5.1 Leerders het die reg tot vryheid van spraak en mag probeer om medeleerders te oortuig van sekere godsdienstige sake of sake rakende ander vakke.

5.2 Onderwysers mag tussenby tree om sekere godsdienstige uitsprake te keer indien dit sal lei tot die vernedering van ‘n leerder of groepe leerders.

5.3 Leerders mag gebruik maak van die skoolmedia om sy/haar godsdienstige oortuigings te publiseer. Hierdie geleentheid moet aan al die verskillend godsdiensgroepe gegee word.

5.4 Leerders moet aangemoedig word om nie toenemend druk op ander leerders te plaas om hul godsdiensoortuigings te ondersteun nie.

5.5 Leerders het die reg om godsdienstige lektuur onder leerders te versprei solank dit nie ander skoolaktiwiteite onderbreek en dit nie die regte van die leerders skend soos vervat in die konstitusie nie.

5.6 Leerders het die reg om idividueel of in groepe te bid of om sy/hy/hulle godsdienstige oortuigings te bespreek mits dit nie die ander onderrig aktiwiteite onderbreek nie.

6. ONDERWYSERS SE DEELNAME AAN GODSDIENSTIGE AKTIWITEITE IN DIE SKOOL:

6.1 Onderwysers moet ten alle tye objektief wees teenoor godsdiensonderrig.

6.2 Onderwysers moet nie betrokke wees by godsdiensonderrig in gewone lestyd nie.

6.3 Onderwysers mag nie leerders penaliseer of vergoed wanneer hulle verskil of saamstem oor sekere goedsdiensoortuigings nie.

7. DIE DRA VAN GODSDIENSTIGE KLEREDRAG OF SIMBOLE DEUR LEERDERS:

7.1 Die gebruik van godsdienstige simbole is aanvaarbaar as dit slegs as voorbeeld van sekere godsdienstige of kulturele tradisies of as hulpmiddel in die klaskamer dien.

7.2 Die skool mag sekere godsdienstige kleredrag toelaat (bv. Hafiz, kopserpe, “dreadlocks”) as dit nie sekere groepe simboliseer wat teenstrydig is met die Konstitusie van die Republiek van Suid-Afrika.

7.3 Leerders mag godsdienstige klere of simbole dra indien vooraf aansoek gedoen is by die skool en bewyse gelewer is aan die skoolhoof van die bestaan van sodanige godsdiensgroep en die belangrikheid van sodanige simbole.

8. AKKOMODASIE VAN SPESIALE GODSDIENSTIGE GEBRUIKE IN DIE SKOOL:

Skole moet versoeke van onderwysers en leerders met spesiale godsdiensoortuigings eerbiedig indien dit haalbaar is.

_____ _____

VOORSITTER DATUM